## DIE EERSTE HOTTENTOTOORLOG, 1659—1660

Kommandeur Jan van Riebeeck moes in opdrag van die Here XVII vrede en vriendskap met die Hottentotte handhaaf, maar die astrante veediefstalle van twee groepe Hottentotte, algemeen bekend as die Kaapmans (Goringhaiquas) en Tabakdiewe (Gorachouquas) het die eerste oorlog tussen Blankes en Nie-Blankes in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Die Hottentottolk Doman, wat voorheen saam met Kommissaris Van Goens die Ooste besoek het, was die grootste belhamel. Hy het sy mense aangemoedig om in die reëntyd diefstal te pleeg omdat die lonte en kruit van die Blankes se gewere dan maklik klam en onbruikbaar geword het.

Die Vryburgers langs die Liesbeeckrivier is veral swaar getref deur die Kaapmans en Tabakdiewe se beskadiging van hulle oeslande en diefstal van vee en gereedskap. Op 7 Mei 1659 het 18 Vryburgers uit radeloosheid 'n dringende versoek tot Van Riebeeck en sy Raad gerig om hulp te verleen met 'n vergeldingsaanval op die diewe. Hulle het bygevoeg dat die Hottentotte kort tevore die burger Jan Simonsz. sou doodgeslaan het, as hulp nie betyds opgedaag het nie.

Van Riebeeck het oor 'n aantal Kompanjiesmatrose en -soldate beskik om veiligheid en orde te handhaaf, maar hy het ook op 1 Mei 1659 'n Skutterskompanjie uit burgergeledere tot stand gebring. Steven Jansz. was die bevelvoerder en sersant van hierdie afdeling. Nadat verdere diefstalle onder die vee van die geselskappe van Caspar Brinckman en Pieter Vasagie voorgekom het, het die Kommandeur en sy Raad op 19 Mei besluit om 'n verrassingsaanval op die diewe te loods. Dit was die amptelike begin van die oorlog.

Op dieselfde dag het Doman en ongeveer 20 van sy trawante weer toegeslaan. Sowat 40 beeste en meer as 70 skape is van Brinckman, Vasagie en Philips van Roon buitgemaak. Een van Brinckman se kamerade, die veewagter Symon in 't Velt, is met sewe assegaaiwonde gedood en 'n slaaf is gewond. Sommige Vryburgers het die moordenaars tevergeefs probeer inhaal. Van Riebeeck het 100 guldens uitgeloof vir die persoon wat Doman lewendig aankeer en 20 guldens vir elk van sy medepligtiges. Dié bedrae sou met die helfte verminder as hulle gedood word.

Algemene paniek het onder die Vryburgers langs die Liesbeeckrivier geheers. Sommige plase is ontruim en van ploeg en saai het min tereg gekom. Die Vryburgers se beste skuilplek in tyd van nood was die waghuis genaamd *Coornhoop*. Teen die aand van 26 Mei is die vrye houtsaer Leendert Cornelisz. by Bosheuvel deur sowat 50 Hottentotte skrams met 'n assegaai in die nek gewond. Die aanvallers het op die vlug geslaan toe gewapende hulp vir die burger opgedaag het.

'n Plan is bedink om die vyand uit sy skuilplek te lok. Die soldate moes hulle skuilhou terwyl 20 van die Kompanjie se swakste beeste oorkant die Liesbeeck, naby die Bosheuvel kwansuis moes wei. As die boewe naderkom, sou hulle skielik oorval word. Op 30 Mei het sersant Steven Jansz. met 'n gewapende mag die vyand op hierdie wyse probeer vastrek,

maar vanweë die onverskilligheid van die burger Harmen Remajenne het die Hottentotte onraad bemerk.

Die Hottentottolk Herry, 'n leier van die Watermans (Goringhaiconas) wat in Julie 1658 weens swak gedrag na Robbeneiland verband is, is op 10 Julie 1659 deur Van Riebeeck na die *Fort de Goede Hoop* teruggebring om te help met die opspoor van die vyand. Verder is sowat 80 seemanne van 'n besoekende skip, die *Slot Honingen,* en sowat 70 plaaslike soldate en Vryburgers op 13 Julie gestuur om die Tabakdiewe en Kaapmans aan te val. Dié kommando is in drie afdelings verdeel en het onder die oppergesag van fiskaal Abraham Grabbema gestaan. Op 16 Julie het hulle onverrigtiger sake teruggekeer nadat die vyand hulle andermaal ontwyk het.

Op 19 Julie is 'n soldaat wat twee beeste vanaf die Kompanjie se skuur aan die Liesbeeck na die Fort aangejaag het, deur vyf Hottentotte aangeval. Sy aanvallers se assegaaie het sy klere geskeur, maar hy het behoue daarvan afgekom. Toe die Hottentotte met die beeste probeer wegkom, het fiskaal Gabbema en drie gewapende ruiters hulle omsingel en tot oorgawe gedwing. Die Hottentotte het hulle verset en in die skermutseling wat gevolg het, is drie doodgeskiet en 'n vierde gewond en gevange geneem (hy was as Eyckeman bekend en is op 12 Augustus oorlede). Die vyfde was die belhamel Doman, wat deur die Kompanjie se perde-opsigter Christiaen Jansz. agter die skouerblad geskiet is. Die swaar gewonde Doman het ontsnap, maar sy arm sou die res van sy lewe verlam wees. Slegs twee van die Kompanjie se krygsmanne is in die skermutseling gewond. Dit was ook die eerste keer dat daar doeltreffend gebruik gemaak is van perde in oorlogstyd in Suid-Afrika. Van Riebeeck het perde en sterk honde vanaf Java na die Kaap ingevoer.

Toe verneem is dat die Watermans (Herry se mense) met die vyand saamknoei, is korporaal Elias Giers met 10 soldate gestuur om hulle in die omgewing van Kaappunt aan te val of gevange te neem. In 'n skermutseling wat op 3 Augustus langs die Valsbaaikus plaasgevind het, is drie van die Watermans, waaronder hulle leier Trosoa, doodgeskiet. Verder is beslag gelê op hulle wapens en hulle hutjies verwoes. Die res van die Watermans — sowat 15 weerbare manne met vroue en kinders — het teen die berghelling uitgevlug en klippe op die soldate afgerol sodat hulle nie agtervolg kon word nie.

Intussen het van Riebeeck die grens langs die Liesbeeck met die aanbou van 'n skutwering en die waghuise *Keert die Koe* en *Hout den Bul,* probeer verstrek. Eersgenoemde moes uit pale en 'n breë strook bitteramandelbome en vinniggroeiende brame en steekdorings bestaan. Verder is ook meer kanonne by die wagposte geplaas en slawe en bandiete vir 'n noodgeval met lanse en assegaaie toegerus.

Teen 20 September het 'n aantal onderdane van die bevriende hoofman Oldasoa (van die Saldanhars of Cochoquas) by die Fort aangekom met die tyding dat die Kaapmans vrede begeer. Van Riebeeck het hom bereid verklaar om te onderhandel. Kort daarna, op 14 Oktober, het ook 'n aantal Watermans om vrede kom vra. Hulle het beweer dat hulle geen vee gesteel het nie en slegs van seevisse geleef het. Hulle wou

graag weer naby die Fort kom woon en was gewilig om as hout-, water- en visvoorsieners vir die Blankes diens te doen. Dit is toegestaan, maar Herry, hulle ou leier, is op 20 Oktober veligheidshalwe na Robbeneiland teruggestuur omdat sy invloed ten kwade kon strek. Herry en 'n ander gevange Hottentot het in die begin van Desember 1659 daarin geslaag om gedurende die nag in 'n skuitjie na die vasteland te ontsnap. 'n Soektog deur korporaal Giers en ses soldate het net tot die opspoor van die bootjie langs die kus gelei.

Op 18 Januarie 1660 het die vrye Saldanhavaarders aan Van Riebeeck berig dat die Kaapmans, saam met die berugte Herry en Doman, by Oldasoa en sy Saldanhars skuiling gevind het, maar dat hulle graag vrede sou wou sluit en na die omgewing van die Kaapse skiereiland terugkeer. Hulle het berig dat die Hottentotte die oorlog begin het omdat die Blankes inbreuk op hulle beste grond gemaak het en omdat sommige Vryburgers verkeerd opgetree het. So sou Jan Reyniersz. en Hendrick Boom by geleentheid 'n Hottentot met 'n strop om sy nek in 'n huis probeer ophang het. Deur die tussenkoms van Jacob Rosendael het die Hottentot glo sy lewe behou. Die Kaapmans wou glo ook nie mense doodmaak nie, maar net vee steel as teken van hulle verset teen die Blankes se handelswyse.

Uiteindelik, na ontvangs en onthaal van afgesante, waaronder Herry en Doman, is op 6 April 1660 vrede gesluit met Gogosoa, die leier van die Kaapmans. Van Riebeeck het enige aanspraak op Vryburger- of Kompanjiesgebied verwerp en hulle toegelaat om slegs die roete tussen die waghuise *Kijk Uit* en *Keert de Koe* na die Fort te gebruik. Hoewel die Kaapmans geen geroofde vee kon vergoed nie, het Van Riebeeck hulle met geskenke vereer en op voedsel en wyn getrakteer sodat hulle uiteindelik almal lustig aangeklam was.

Op 5 Mei is dieselfde prosedure herhaal toe vrede insgelyks met Choro en Ankaisoa, die leiers van die Tabakdiewe, gesluit is. Die Vryburgers was verplig om in hulle verliese te berus en weer die Hottentotte as bure te aanvaar. Aan die positiewe kant moet ook vermeld word dat Van Riebeeck maatreëls getref het vir beter toekomstige beskerming van Vryburger- en Kompanjiesbesittings.

Die eerste Hottentotoorlog — hoewel beperk tot enkele skermutselinge — was betekenisvol. Dit het gelei tot 'n beter begrip van die Hottentotte en hulle metodes. Verder was die oorlog 'n toets vir die weerbaarheid van die Blanke volksplanting en kon leemtes vasgestel word. Die oorlog het die Kommandeur se probleme vergroot en veel wysheid en oorleg van hom geverg. Met die vredesluiting het hy die ideaal van vriendskap met die inboorlinge hoër gestel as die drang van vergelding en skuldvereffening. Van Riebeeck het gehoop dat die vrede standhoudend sou wees, maar die verhouding met die Hottentotte sou nog baie vraagstukke vir sy opvolgers oplewer.

J. de Villiers